

**Sing vooraf staande: Psalm 78:1 (p. 390)**

- 1 Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor, / met ope hart en toegeneë oor!  
Met wyse spreuke wil ek u vermaan, / wat waarheid is van vroegste tye af aan;  
verborge goud wat net op koest'ring wag, / met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 33:1 (p. 157)**

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

**Gebed**

**Psalm 38:2, 8 (p. 189)**

- 2 In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte / wat my hart deurboor soos staal.  
Ja, die hand wat hul gedryf het / in my lyf, het / self ook op my neergedaal.
- 8 HEER, U weet hoe hart en sinne / staan daarbinne / as ek worstel in my leed.  
Voor U is my sugte en sorgte / nie verborge, / daar U alles sien en weet.

**Skriflesing: Handeling 16**

**Teks: Handeling 16:30, 31; Heidelbergse Kategismus Sondag 5**

**En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin. (Handeling 16:30-31 AFR1953)**

Menslik gesien het die tronkbewaarder daardie nag reg voor die deure van die hel gestaan. *As hy selfmoord gepleeg het, sou hy reguit daarin gestap het, want hy sou as ongelowige gesterf het.*

God se raad was egter heeltemal anders.

- Hy word deur God gegryp en sy kind gemaak.
- Binne oomblikke word daardie wrede, ruwe man verander in 'n angsbevange mens wat daar in die flou lamplig smeek vir verlossingsgenade!

**En toe hy lig gevra het, spring hy na binne en val bewende voor Paulus en Silas neer. En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? (Handeling 16:29-30 AFR1953)**

Die ding werk natuurlik na die ander kant toe ook! Hoeveel keer wonder ons nie oor wat van ons getuënis word wat ons elke dag uitleef?

Dink nou aan alles wat daardie nag gebeur het:

**En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. (Handeling 16:25 AFR1953)**

- Hulle was daardie dag goed flenters geslaan toe hulle geesel is.
- Middernag lê die twee en psalms sing tot eer van God.
- 'n Paar oomblikke later preek hulle die evangelie van verlossing aan die een wat hulle so stukkend geslaan het!

Dis een van die onbegryplikhede van die lewe dat so 'n wrede en ongenaakbare soort mens in 'n oomblik se tyd verander in 'n hulpelose, vreesbevange mens wat in eerlike opregtheid verlossing by God soek.

Let op hoe die heil en seën van God by hierdie sondaar uitgekome het:

Die eerste ding wat gebeur het, was dat hy die erns en die nood van sy sondes besef het.

### **Menere, wat moet ek doen om gered te word?**

Dis gewoonlik die eerste vraag wat by iemand opkom wat in die nood is.

- Die mens wil dan iets doen om uit sy toestand te kom.
- Baie keer probeer hulle in hulle angs verskillende dinge doen, wat dan almal misluk, omdat hulle in al hierdie dinge op eie krag en vermoëns staatmaak.

Tog is daar 'n uitweg. Die oomblik wanneer 'n mens aan die reg van God voldoen, gee die Here die uitkoms volgens sy genadereg.

- Dit is wat die tronkbewaarder daardie nag oorgekom het.
- Hy het sy doodsverlorenheid baie skerp beleef, maar ook die verlossende majesteit van God leer ken deur Paulus en Silas se sang en prediking.

Hy het verstaan dat hy voor God as die ewige Regter nie kan bestaan nie.

- Daarom vra hy wat hy moet doen om gered te word.
- Let wel: Hy vra nie wat hy moet doen om al die onreg wat hy aangevang het, weer goed te maak nie.
- Hy vra verder vorentoe as dit: hy wil salig word.

Hierdie manne wat in sy tronk sit, is knegte van die Allerhoogste God. Hy sien by hulle 'n lewenstyl wat vir hom vreemd is.

- Hulle sing in die donker psalms tot eer van God met stukkend geslaande liggame.
- Hulle het geen vrees vir die aardbewing wat gebeur het nie.
- Nog meer opvallend is die feit dat hulle nie wegvlug nie – en daarby beheer hulle ook die ander gevangenes dat hulle ook nie vlug nie.

**Maar Paulus het met 'n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.** (Handelinge 16:28 AFR1953)

Dit laat hom besef dat hy by hierdie mense die “resep” gaan kry om ook die kalm wete van verlossing deur hierdie God wat hulle aanbid, te kry.

- Hy kry toe duidelik die antwoord: Jou eiewilligheid om jouself dood te maak gaan niks help nie! Moet dit nie doen nie!
- Die antwoord kry hy in die psalmsang wat hy die heel nag gehoor het en in die preek van Paulus-hulle daarna: Vlug na God toe! Glo in die Here Jesus Christus!

Paulus en Silas kry deur al die tronk-ellendes hulle krag om met soveel heerlikheid God se eer en majesteit te kan verkondig by die Here Jesus Christus.

- Hy is hulle Middelaar – Hy is God wat as mens gebore is om die Borg te wees sodat ons God se reg kan volg!
- Dit gebeur omdat die Here Jesus aan die kruis aan God se reg voldoen het vir al die onreg wat ons gepleeg het in hierdie lewe.

Die tronkbewaarder hoor dus daardie nag dat hy vir al die onreg waaroor hy die ewige vrees opgetel het, ook versoening kan kry as hy tot bekering kom.

Niemand anders kan vir ons verlossingshulp gee nie. Net die Here Jesus alleen kan dit doen – en Hy doen dit inderdaad vir dié wat Hom liefhet.

- Die ding is nie dat ons straf net wegraak en dat God maak of dit nie bestaan nie.
- Dis 'n baie goedkoop manier om verlos te word – en so 'n verlossing kan niks beteken nie.
- Die feit is dat God alle sondes straf – Hy het daardie straf aan die Here Jesus voltrek.

Wat is hier die aangrypende saak?

- Selfontdekking in jou sondes – en daarmee saam die besef dat daar 'n pad in God se genade uit hierdie ellendes uit is!
- Hierdie gedeelte trek ook 'n baie duidelike lyn tussen bekering en die vrede wat die gelowige daarna beleef!

Dit wys ook hoe 'n ware bekeerde mens daarna verander:

- Die tronkbewaarder is nie meer die wreedaard wat die karwats en die tronksleutels met dieselfde hand hanteer nie!
- Hy word 'n sagte mens wat deernis vir ander mense het – hy verpleeg Paulus-hulle en was hulle wonde!

So is ons Middelaar die Een wat sterker is as enige skepsel.

- Hy kan uitkoms en verlossing gee waar dit menslik totaal onmoontlik is.
- Hy doen dit omdat Hy in sy goddelike krag die sondeskuld van ons af wegneem deur self daarvoor te boet.
- Daarom het Hy ook die reg en die mag om ons in sy borgtogtelike verdienste vry te spreek.

Kom ons lees saam wat van hierdie dinge in ons belydenis, in die Heidelbergse Kategismus, neergeskryf staan in Sondag 5:

**Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?**

**Antwoord:** God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

**Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?**

**Antwoord:** Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

**Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?**

**Antwoord:** Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

**Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?**

**Antwoord:** So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

**Amen.**

## Slotgebed

### Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U 's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 14 Maart 2010